# Die aard van en kriteria vir dogmatiese liedere

## Drie omdigtings van Schutte (A.G.S.) Venter [1]

Francois P. Viljoen & Annatjie M. Verhoef
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: sbbfpv@puknet.puk.ac.za
E-pos: kantoor@gkpotchnoord.org.za

Abstract

The nature of and criteria for dogmatic hymns. Three versifications by Schutte (A.G.S.) Venter

*In this article the nature of dogmatic hymns is discussed and it is indicated how dogmatic hymns have functioned during the course of church history. Taking this investigation as point of departure, criteria are formulated to be used in the evaluation of dogmatic hymns – also in the evaluation of the contents of three versifications by Schutte Venter.*

*The 2000 Synod of the Reformed Churches in South Africa discussed the possibility of and need for dogmatic hymns, and took notice of some guidelines in this regard. Schutte Venter consequently versified sections of the confessions of faith and formulae for wedding ceremonies in an attempt to meet this need.*

Opsomming

Die aard van en kriteria vir dogmatiese liedere. Drie omdigtings van Schutte (A.G.S.) Venter

*In hierdie artikel word eers besin oor die aard van dogmatiese liedere en hoe hierdie liedere deur die loop van die eeue in Christelike kerke gefunksioneer het. Op grond van hierdie ondersoek word kriteria vasgestel vir die beoordeling van dogmatiese liedere – ook vir die beoordeling van die inhoudelike aspekte van drie van Schutte Venter se omdigtings.*

---

1 Ter nagedagtenis aan Schutte Venter.

*Die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 2000 het die moontlikheid van dogmatiese liedere bespreek en kennis geneem van 'n aantal riglyne in dié verband. Schutte Venter het gevolglik omdigtings van gedeeltes van die belydenisskrifte en die huweliksformulier gemaak in 'n poging om in hierdie behoefte te voorsien.*

## 1. Inleiding

In hierdie artikel word die gebruik van dogmatiese liedere deur die loop van die eeue ondersoek om die nut en risiko's verbonde aan sodanige liedere vas te stel. In die lig van hierdie bevindings word 'n aantal kriteria bepaal vir die beoordeling van dogmatiese liedere. Hierdie kriteria word ook gebruik om van hoofsaaklik die inhoudelike aspek van drie van Schutte (A.G.S.) Venter se omdigtings te evalueer. Die keuse en gepastheid van melodieë hiervoor word net kortliks genoem.

Die digterlike kwaliteit van die dogmatiese liedere behoort egter ook beoordeel te word, want benewens die inhoudelik korrekte weergawe van 'n lied behoort dit ook poëties en himnologies te slaag. Dogma moet immers poëties gesing kan word. Hierdie ondersoeke val egter buite die bestek van hierdie artikel en is aspekte wat verder nagevors behoort te word.

## 2. Inhoud van dogmatiese liedere

### 2.1 Openbaring lei tot dogmatiese liedere

Die kerk deur die eeue het haar geloof uitgesing. God se openbaring eis en lei tot geloofsreaksie (vgl. Viljoen, 2002b:558 e.v.). Geloofsreaksie vind op 'n besondere manier plaas in die vorm van lofuiting deur sang in die erediens. God se openbarende optrede is die grond en oorsaak van hierdie himniese aktiwiteit. In liturgiese sang word geloof uitgedruk as *articulus fidei* (verwoording van die geloof) en *homologia* (erkenning en belydenis) van dit wat geopenbaar is.

Bingle (2000) beredeneer hierdie verhouding tussen openbaring, dogmavorming en doksa-(lof)uiting. In 'n empiriese ondersoek van liturgiese liedere in die Ou en Nuwe Testament, asook liedere uit die intertestamentêre en na-Nuwe-Testamentiese tyd, toon hy aan dat hierdie verhouding kousaal van aard is (Bingle, 2000:57-142). Die wye liedverskeidenheid wat deur die loop van die eeue ontstaan het, bied die vertolking van die openbaring in verskillende situasies.

Die "dogma van die dag" (*homologia* en *articulus fidei*) word in die lied geformuleer (Bingle, 2000:140). Die "dogma van die dag" verwys na dog-

matiese aangeleenthede wat binne bepaalde historiese en literêre kontekste in gedrang is of om ander redes aktueel is. Deur middel van ’n lied reageer gelowiges in ’n gegewe situasie op die openbaring en aktualiseer dit tegelykertyd in konkrete omstandighede. Daarteenoor is liedere wat dogmaties arm of leeg is, geneig om te verval in subjektiwistiese ervarings. As die dogma nie suiwer uit die openbaring voortvloei nie, loop dit nie uit op die suiwer erkenning van die eer van God nie (vgl. De Klerk & Smit, 2002:113-117).

’n Lied wat God se lof besing, kan daarom in wese niks anders as ’n dogmatiese lied in die breër sin van die woord wees nie (Viljoen, 1990: 242). ’n Verskeidenheid liedtipes kan as dogmatiese liedere getipeer word:

- geïnspireerde himniese stof uit die Ou en Nuwe Testament;
- omdigtings in liedvorm van Bybelgedeeltes wat oorspronklik nie himnes was nie;
- interpretatiewe en parafraserende bewerkings (eksegeties en openbaringshistories) van Skrifgedeeltes in aktuele en konkrete situasies; en
- liedere as omdigtings van belydenisskrifte.

Al hierdie liedere word deur die dogma bepaal, dra die dogma die wêreld in en help om die dogma verder te vorm. Die meeste van die omdigtings van Venter val binne die laaste van bogenoemde liedtipes.

### 2.2 Die dogmatiese lied: Sinode 2000 van die GKSA se omskrywing daarvoor

Die Sinode van die GKSA van 2000 het oor die dogmatiese aard van liedere besin. In ’n besluit waarin klaarblyklik laasgenoemde kategorie van bogenoemde liedtipes bedoel is, naamlik die omdigting van belydenisskrifte, het die Sinode verklaar dat ’n regsinnige dogmatiese lied Skriftuurlik verantwoord is, omdat dit die dogma van die Kerk verwoord. Die Godsopenbaring en die belydenis daarvan, as ’n Skrifwaarheid, dien as bron vir die dogmatiese lied. Daarom kan dit ook *’n Skriftuurlike of Skrifmatige lied* genoem word. Dit is daarom ’n belangrike aanbiddingswyse waarin die Skrifwaarheid bely, beantwoord en geaktualiseer word (Acta GKSA, 2000:452). Die rapport wy in artikel 22.2 uit oor die waarde van sodanige liedere.

> Sodanige dogmatiese liedere kan ’n sterk middel wees om die Gereformeerde belydenis in die lewens van mense in te dra en deel van hulle bestaan te maak, juis omdat die lied ’n sterk medium is wat

in die gedagtes van mense posvat en by hulle bly (Acta GKSA, 2000:451).

In die voorwoord tot Randburg-Oos-gemeente se publikasie van Venter se omdigtings (2001:1) dui ds. Nico Botha, 'n kollega van Schutte Venter, aan dat dit juis hierdie besluit van die Sinode was wat Venter daartoe gebring het om omdigtings van dele uit die Gereformeerde belydenisskrifte en formuliere as liturgiese liedere aan te bied.

Botha verwoord dit só: "... die Here [het] dit so beskik ... dat:

- die Sinode 2000 te Potchefstroom riglyne vir die "dogmatiese lied" goedgekeur het;
- Schutte Venter wat een van die deputate was, direk na die Sinode hom ook tot hierdie mooi werk geroepe gevoel het;
- hy geleentheid gehad het om met groot beskeidenheid sy hart in hierdie vyftien omdigtings te kon uitstort".[2]

Botha stel dat bepaalde riglyne vir die "dogmatiese lied" deur die Sinode van 2000 goedgekeur is. Uit die Acta GKSA (2000:452) blyk dit egter dat die Sinode slegs van die riglyne kennis geneem het en aan die Deputate vir Liturgiese Sake opdrag gegee het om te beredeneer wat onder dogmatiese liedere verstaan moet word, wat die kriteria is wat by die beoordeling geld, en dat 'n meer indringende historiese agtergrond ten opsigte van die dogmatiese lied gegee moet word. Hierdie deputate het tydens die Sinode van 2003 ses kategorieë as die definiëring van liedtipes voorgehou. Die Sinode het hierdie kategorieë goedgekeur. Daarop het nuwe deputate deur die Sinode opdrag gekry om ingestuurde belydenisliedere (waaronder belydenisgetroue en belydenisidentieke liedere) volgens die goedgekeurde kategorieë te beoordeel en aan die hand van Sinode 1994 se riglyne (3.2.1 tot 3.2.8) (Acta GKSA, 1994:538-539) te keur. Daarbenewens het die Deputate vir Leerstellige Sake opdrag gekry om die Sinode te adviseer oor moontlike riglyne vir die keuring van belydenisidentieke en belydenisgetroue liedere wat by die Sinode 1994 se riglyne gevoeg moet word (Acta GKSA, 2003: ongepubliseerd).

In hierdie artikel word ook nagegaan in hoeverre Venter se omdigtings inhoudelik voldoen aan die kriteria van dogmatiese liedere, gebaseer op die belydenisskrifte.

2 Vanweë Venter se skielike afsterwe, kon hy nie sy voorneme uitvoer om hierdie liedere te hersien en self finaal af te rond voor publikasie nie.

## 3. Dogmatiese liedere deur die loop van die kerk-geskiedenis

’n Vlugtige ondersoek van die geskiedenis van die kerklied toon dat die dogmatiese liedtipe sedert die vroegste tye tot vandag toe gebruik was in Christelike kerke. Die waarde, maar ook die gevare verbonde aan so-danige liedere, blyk uit die ondersoek.

### 3.1 Dogmatiese liedere gedurende die eerste ses eeue

Liedere uit die vroeë na-Bybelse tyd het ’n sterk lofprysende en bely-dende aard gehad (Van Andel, 1968:10). Soos in talle Nuwe-Testa-mentiese liedere is credo’s in die himnes ingeweef (Floor & Viljoen, 2002:102; Viljoen, 2002a:75-76). Stauffer (1948:214) merk in dié ver-band op: “Viele Bekenntnisse haben himnischen, viele Hymnen haben bekenntnishaften Charakter”.

Gedurende die eerste eeue het Jesus Christus as Seun van God se verhouding tot die Vader in die branding van die kerklike lewe gestaan (Viljoen, 2002a:68-72). Dit het die kerk daartoe gedwing om oor die triniteitsvraagstuk en nature van Christus te besin. Hierbenewens het die bedreiging van die Gnostiek uit die Griekse filosofie die Christelike geloof binnegesypel (Schulze, 1978:52-112). Dit is opmerklik dat die geloofs-oortuiging van die vroeë kerk oor hierdie vraagstukke reeds voor die amptelike uitsprake van die kerk (op sinodes sedert die vierde eeu) in die liedere van die kerk begin leef het (Bingle, 2000:79).

Twee liedere uit dié tyd illustreer die feit:

- “Christus die Geneesheer”:

  Daar is een Geneesheer beide vleeslik en geestelik, gebore en nie-gebore, in die vlees was Hy God, in die dood was Hy ware lewe, afkomstig beide uit Maria en uit God, eers onderworpe aan lyding en daarna verhewe bo lyding, Jesus Christus ons Here (vertaling van Stander, 1989:98).

- “Lampe-himne”:

  Ons vriendelike Lig van heilige heerlikheid, van die onsterflike, hemelse Vader, die heilige, geluksalige – O Jesus Christus, noudat ons gekom het by die son se ondergang en die aandlig aanskou het, besing ons God die Vader, Seun en Heilige Gees. U is waardig om te alle tye besing te word met liedere wat gunstig stem. O Seun van God, U wat lewe gee – daarom verheerlik die wêreld U (vertaling van Windell, 1989:107).

Dié liedere het die invloede van die tydsomstandighede weerspieël. Liedere het in hierdie tyd van dogmatiese stryd 'n doelbewuste propagandamedium geword (Barkhuizen, 1989:5, vgl. ook Viljoen, 2001:430). Die Ariane het hul afwykende beskouings uitgedra deur middel van hoogstaande metriese strofiese gedigte met melodieë in die Griekse volkstyl. Hierop het Chrisostomos geantwoord met regsinnige liedere in dieselfde styl (Strydom, 1994:33).[3] Talle soortgelyke dogmatiese liedere het ontstaan. Die kerkvader Ambrosius (333-397) het die gemeente selfs dae en nagte aaneen liedere laat sing om die regsinnige waarhede by hulle tuis te bring (Baumstark, 1958:212). Ook Augustinus het hierdie waarde van musiek erken. Hy skryf in sy *Confessiones* (Belydenisse) (9.6) dat wanneer die klanke van die liedere die ore invloei, die waarheid van die liedere in die mens se hart invloei.[4] In sy traktaat *De Musica* (Oor Musiek) stel hy die argument nog duideliker as hy skryf dat musiek die waarheid uit die hemele bring en dit in die hart van die mens inplant (Routley, 1950:67). Efraim die Siriër het berekend liedere met dogmatiese inhoud geskep om dwalings van sy tyd te bestry en die suiwer dogma te leer (Frank, 1963:103).

### 3.2 Dogmatiese liedere gedurende die Middeleeue

Ook gedurende die Middeleeue is dogmatiese vraagstukke en tendense in kerkliedere weerspieël. 'n Groter verwydering tussen die kerk van die Ooste en die Weste het ontstaan vanweë verskillende belydenisse oor die "oorsprong" van die Heilige Gees. Die Ooste het bely dat die Gees slegs van die Vader af uitgegaan het, terwyl die Weste bely het dat die Gees van die Vader én die Seun (*filioque*) uitgaan (Schulze, 1978: 65).

Die lied "Veni Creator Spiritus" uit die negende eeu dien as voorbeeld van 'n lied waarin die *filioque*-standpunt van die Westerse kerk verwoord is (kyk Bingle, 2000:94):

---

3 In sy kommentaar op Psalm 41 skryf Chrisostomos (in Strunk, 1950:68): "From strange chants harm, ruin, and many grievous matters are brought in, for those things that are lascivious and vicious in all songs settle in parts of the mind, making it softer and weaker; from the spiritual psalms however, proceed much value, much utility, much sanctity, and every inducement to philosophy, for the words purify the mind and the Holy Spirit descends swiftly upon the mind of the singer. For those who sing with understanding invoke the grace of the Spirit."

4 "Thus float I between peril of pleasure, and an approved profitable custom: inclined the more … to allow of the old usage of singing in the Church; that so by the delight taken in at the ears, the weaker minds be roused up into some feeling of devotion" (in Strunk, 1950:74).

> Kom, Skeppergees, besoek die geeste van u eiendom … Gee dat ons deur U die Vader en die Seun leer ken, en dat in U, die Gees van beide (*Teque utrius que Spiritum*), te alle tye glo …

Teenoor hierdie liedere op die stewige dogmatiese belydenis van die *filioque*, het mistieke liedere in die lig van die kloostervroomheid van die Middeleeue ook ontwikkel. Die bruidegom-bruid-metafoor is gebruik om die siel (bruid) se hartstog na die verborge omgang met Jesus (die Bruidegom) te verwoord (Van Andel, 1968:43). Die lied "Iesu Dulcis Memoria" uit die twaalfde eeu, dien as voorbeeld (kyk Bingle, 2000:95):

> O Jesus, die aangename gedagte aan U, wat my hart met vreugde vul, maar meer as heuning of alle ander dinge, is u soete teenwoordigheid. Niks soeter kan gesing word, niks aangenamer kan gehoor word, niks liefliker kan bedink word, as Jesus, die Seun van God nie …

Hierdie lied van die wêreldontvlugtende vroom siel verheerlik 'n mistieke liefdesverhouding met Jesus en openbaar 'n afwyking van die Bybelgetroue dogma.

## 3.3 Dogmatiese liedere gedurende die sestiende-eeuse Reformasie

Die sestiende-eeuse Hervorming het 'n grondige verandering ten opsigte van die dogmatiese lied tot gevolg gehad. Dié lied het op sy beurt 'n belangrike invloed gehad in die vestiging van die Reformatoriese denke (Van Veen, 1984:258). Die Reformatore se klem op 'n terugkeer na die Woord het neerslag gevind in die lied. Die lied moes op die Bybel gegrond wees (Viljoen, 1990:26-35). Tog het dit nie tot 'n enersheid in die liedere gelei nie. Twee liedtradisies het ontwikkel, naamlik die Lutherse en die Calvinistiese.

### 3.3.1 Luther se benadering

Luther se liedere het die kern van 'n Skrifgedeelte weergegee in die vorm van interpretasie (Van Andel, 1968:58). Waar 'n Ou-Testamentiese psalm gebruik is, is dit selfs Nuwe-Testamenties ingeklee. In die voorwoord van die *Wittenberg Gesangbuch* skryf Luther, na aanleiding van 1 Korintiërs 2:2, dat Christus die gelowige se krag en lied is en dat hy van niks anders weet om oor te praat of te sing as van Jesus Christus en van Hom as gekruisigde nie (in Strunk, 1950:342).

Luther interpreteer, parafraseer en aktualiseer Ou-Testamentiese psalms in sy liedere. "Aus tiefer Not schrei ich zu dir" is so 'n lied wat op Psalm 130 gebaseer is (vgl. Bingle, 2000:105). Dié lied begin met 'n teks-

getroue weergawe van Psalm 130, maar bied 'n Pauliniese interpretasie en uitbreiding op die Hebreeuse teks, soos dit veral uit die derde strofe blyk:

> Darum auf Gott will hoffen ich,
> Auf mein Verdienst nicht bauen.
> Auf ihn mein Herz soll 'lassen sich
> Und seiner Güte trauen …

Hierdie Ou-Testamentiese lied se betekenis word vertolk en in die dogma van die Reformasie omgesit. Dieselfde geld van die bekende "Ein feste Burg" wat op Psalm 46 gebaseer is.

Die vryer benadering het ook vir liedere uit ander Skrifdele gegeld. Luther het selfs ruimte gelaat vir liedere wat nie op 'n bepaalde Skrifgedeelte gebaseer is nie, maar wel die inhoud van die geloof weergee. 'n Treffende voorbeeld is "Christ lag in Todesbande". Al is hierdie lied nie op 'n bepaalde Skrifgedeelte gebaseer nie, het dit 'n objektiewe, belydende aard wat sterk aan die Pauliniese interpretasie en verkondiging van die evangelie-inhoud herinner (vgl. Van Andel, 1968:71). Dit is 'n Bybelgebonde en dogma-gebonde vrye lied waarin die Reformatoriese klem op die heilsopenbaring van die Skrif uitgesing word.

### 3.3.2 Calvyn se benadering

Terwyl Luther aanvanklik groot klem op die Psalms geplaas en sy vertrekpunt daarin gevind het, het hy later meer na vryer liedere geneig (Hasper, 1976:21). Daarteenoor het Calvyn met *chansons* (vrye liedere) begin, maar later beweeg na die regstreekse beryming van Psalms (Hasper, 1955:195).

Calvyn het die Ou-Testamentiese Psalms as die eintlike bron van die kerklied beskou. In sy voorwoord tot 'n heruitgawe van *La Forme des prieres et chantz ecclesistiques* (Diensorde van kerklike gebede en liedere) skryf hy: "Wanneer ons hulle (= Psalms) sing, is ons tog seker daarvan dat God ons die woorde in die mond lê, asof Hy self in ons sing tot verhoging van sy lof" (vgl. Hasper, 1976:18; Viljoen, 1990:35). Hoewel die Geneefse Psalter van 1562 uiteindelik geen beryming van Calvyn bevat nie, is hierdie liedere bekend as die Calvinistiese kerkliedere. Dit is blykbaar die gevolg van Calvyn se sterk prinsipiële leiding by die samestelling hiervan (Bingle, 2000:111).

Tog het Calvyn ander liedere behalwe die Psalms geskik geag vir kerklike sang. In 'n liedboek wat hy vir die erediens gebruik het, *Avlcuns Pseaumes et cantiques mys en chant* (Straatsburg 1539), kom naas die

Psalms ook die lofsang van Simeon, 'n beryming van die Tien Gebooie en die Credo voor (vgl. Hasper, 1976:24).

### 3.4 Dogmatiese liedere van die Piëtisme en Rasionalisme

Gedurende die sewentiende tot die negentiende eeu het die klem verskuif van die Reformatoriese lied se objektiewe gerigtheid op die lof en aanbidding van die God van die openbaring. 'n Subjektiwistiese verheerliking van die innerlike ervaring het eerder op die voorgrond getree. 'n Liedtipe het ontwikkel waarin 'n indiwidualistiese en mistieke verhouding van die siel met Jesus sentraal staan. Die lied het ontwikkel in 'n "ek"-lied van innerlik-ervarende sielsgemeenskap met Jesus. 'n Rasionalisties-moralistiese sedelikheid is in die liedere ingedra waardeur die Skrifgetrouheid in gedrang gekom het (Barnard, 1983:29; Van Andel, 1968:169). Die geloof aan die versoenende lyding en sterwe van Christus, wat onmisbaar is, is nie oorboord gegooi nie, maar Jesus se "reine leer" en sy voorbeeldige lewe is met groter klem verkondig en besing as sy Middelaarswerk (vgl. Bingle, 2000:118-127).

### 3.5 Die dogmatiese lied in ekumenisiteit en die postmodernisme

Besondere ontwikkeling in himniese aktiwiteit het vanaf die twintigste eeu in die kerke van die Weste plaasgevind (Kruger, 2002:20-23). Aan die een kant is daar 'n ernstige strewe om voor-Reformatoriese liedere en Reformatoriese liedere in ere te herstel. Dit is liedere wat nie deur die Piëtisme en Rasionalisme gekontamineer is nie. Aan die ander kant word dit gekenmerk deur die skepping van nuwe liedere. Amerikaanse *gospel*-liedere het sodoende sterk na vore gekom. *Gospel*-liedere het ontstaan as evangelisasieliedere van Ira D. Sankey (Strydom, 1994: 120). In hierdie genre funksioneer sang grootliks as 'n godsdienstige vermaaklikheidsmedium (vgl. Strydom, 1997:147).

Vanweë hierdie groot verskeidenheid kan liedere van die twintigste en een en twintigste eeu as sterk ekumenies (temporeel en ruimtelik gesproke) getipeer word (Bingle, 2000:127).

### 3.6 Gevolgtrekking

Dit blyk dat die dogmatiese lied nie 'n nuwe begrip is nie. Daar is al in die vroeë Christelike Kerk van dogmatiese liedere gebruik gemaak. Gedurende die eerste vier eeue het sulke liedere al 'n rol gespeel om dwaling te bestry. In die tyd van die Reformasie het Luther daarvan gebruik gemaak om die Reformatoriese belydenis te verwoord. Dit is egter duidelik dat wanneer die openbaring verdring word deur "menslike wysheid" (soos die moralistiese beklemtoning van die deug), of deur

"valse leer" (soos die Arianisme) of deur "'n mensgerigte doel" (soos in die ervaringslied), word die doksa (eer) van God verduister. Die gevolg daarvan is dat hierdie dogmatiese liedere nie aan hulle doel beantwoord nie.

## 4. Kriteria vir die beoordeling van dogmatiese liedere

Op grond van die aard van dogmatiese liedere, die historiese oorsig oor die ontwikkeling van hierdie tipe lied en die gevare van eensydigheid en dwaling waarvoor sodanige liedere misbruik kan word, word 'n aantal kriteria bepaal. Hierdie kriteria sal as riglyn gebruik word om veral die inhoudelike aspek van die liedere van Venter te beoordeel.

- Die inhoud van dogmatiese liedere moet op dogma gebaseer wees.
- Die dogma waarop die liedere gebaseer word, moet 'n betroubare vertolking bied van die openbaring van God (soos in die Ou en Nuwe Testament opgeteken).
- In 'n enger sin sou die dogma waarop die liedere gebaseer word, beperk kon word tot erkende belydenisskrifte. In die breër sin van die woord, sou Skrifgetroue belydenisse oor die algemeen ook as basis gebruik kon word.
- Dogmatiese liedere moet die inhoud van die geloof betroubaar verwoord.
- Hierdie liedere moet in die vorm van 'n belydenis gedig wees om daarmee erkenning te gee aan geloof in die vorm van 'n belydenis.
- Hierdie liedere moet daartoe bydra om die dogma die wêreld in te dra.
- Dogmatiese liedere moet daartoe bydra om Skrifwaarhede te aktualiseer in konkrete omstandighede van die gelowiges.
- Om aan bogenoemde vereiste te voldoen, moet die dogmatiese liedere op 'n eenvoudige en bevatlike manier gedig wees, sodat dit deur alle gelowiges gebruik en verstaan kan word en 'n appèl kan maak op ongelowiges.

## 5. Dogmatiese stof wat Venter omgedig het

### 5.1 'n Oorsig van die omdigtings

Venter het 'n verskeidenheid dogmatiese gedeeltes in liedvorm omgedig:

1. "God is groot" – omdigting van Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 1.

2. "Troos vir lewe en sterwe" – omdigting van Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 1.
3. "Jesus, ons Verlosser" – omdigting van Heidelbergse Kategismus, Sondag 11, vraag en antwoord 29 en 30.
4. "Christus en Christen" (eerste omdigting) – Heidelbergse Kategismus, Sondag 12, vraag en antwoord 31 en 32.
5. "Christus en Christen" (tweede omdigting) – Heidelbergse Kategismus, Sondag 12, vraag en antwoord 31 en 32.
6. "Die Seun van God, ons Here" – Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 33 en 34.
7. "Jesus sterf sodat ons kan leef" – Heidelbergse Kategismus, Sondag 16, vraag en antwoord 39 tot 44.
8. "Christus het opgestaan vir ons" – Heidelbergse Kategismus, Sondag 17, vraag en antwoord 45.
9. "Christus se hemelvaart" – Heidelbergse Kategismus, Sondag 18, vraag en antwoord 46 tot 49.
10. "Die Heilige Gees werk" – Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 11 en Heidelbergse Kategismus, Sondag 20, vraag en antwoord 53.
11. "Gewas deur die bloed" – Heidelbergse Kategismus, Sondag 26, vraag en antwoord 69 en 70.
12. "Krag in brood en wyn" – Heidelbergse Kategismus, Sondag 28, vraag en antwoord 75 en 76.
13. "Die Here lei my tot bekering" – Heidelbergse Kategismus, Sondag 33, vraag en antwoord 88 tot 91.
14. "Die belofte van die Gees" – Hand. 1:8 en 2:1-11
15. "God gee die huwelik" – omdigting van die huweliksformulier

Al is die meeste van die liedere vanweë die skielike afsterwe van Schutte Venter nog nie finaal afgerond nie, kan 'n mens deur hierdie verwerkings 'n indruk vorm van wat met 'n "dogmatiese" lied bedoel word.

Liedere 1 tot 12 is op gedeeltes van die Belydenisskrifte gebaseer, terwyl lied 14 op 'n Bybelgedeelte en lied 15 op 'n gedeelte uit die huweliksformulier gebaseer is.

Die eerste drie van hierdie liedere word vervolgens ondersoek om te bepaal of en in hoeverre Venter se omdigtings inhoudelik voldoen aan die kriteria soos dit hierbo geformuleer is. Om die inhoud van die liedere in diepte te beoordeel, is te veel vir die omvang van hierdie artikel. Ten einde die vergelyking tussen die omdigtings van Venter met die bronteks oorsigtelik te vergelyk, word die twee tekste in kolomme langs mekaar

geplaas. Woorde of uitdrukkings in die Afrikaanse vertaling van die Belydenisskrif wat in die omdigting gebruik is, word onderstreep om die ooreenkomste uit te lig. By wyse van 'n kort toeligting word kernelemente in die belydenis dan telkens geïdentifiseer en word gekontroleer of en hoedanig hierdie elemente in die omdigting verwoord is. Die melodiekeuse en die bruikbaarheid van die liedere in die erediens word daarna kortliks aangeraak.

## 5.2 Lied 1: "God is groot"

**Lied 1 God is groot**

1. Enigste Here,
   enkele Wese,
   Ons glo in U met ons hele hart.
   Heerlik bely ons,
   vry-uit getuig ons:
   U is vir ewig God en Heer.

2. U, onbegryplik,
   U is onsienlik,
   altyd dieselfde, oneindig groot.
   U is almagtig,
   wys en regverdig,
   U is die bron van alle goed.

**Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 1**

Ons <u>glo met die hart en bely met die mond</u> dat daar 'n <u>enige</u> en enkelvoudige <u>Wese</u> is wat ons <u>God</u> noem. Hy is <u>ewig</u>, <u>onbegryplik</u>, <u>onsienlik</u>, <u>onveranderlik</u>, <u>oneindig</u>, <u>almagtig</u>, volkome <u>wys</u>, <u>regverdig</u>, goed en die alleroorvloedigste <u>fontein</u> van <u>alles wat goed is.</u>

Die wese van God, soos in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 1 bely word, is eenvoudig en bevatlik in 'n kort lied weergegee. Uit die vergelyking tussen die bronteks en die lied, blyk dit dat die lied 'n betroubare weergawe van die inhoud van die artikel bied.

Die beginwoorde van die konfessie "Ons glo met die hart en bely met die mond" is aan Romeine 10:10 ontleen: "Met ons hart glo ons en ons word vrygespreek; en met ons mond bely ons, en ons word gered" (vgl. Koopmans, 1940:16). Venter slaag daarin om hierdie geloof en belydenis in 'n *homologia* (belydende erkenning) te verwoord in die derde tot vyfde reëls van die lied, wat die klimaks van strofe een vorm.

Artikel 1 van die belydenis val in twee dele uiteen. In die eerste plek word daaraan uitdrukking gegee dat God 'n enkelvoudige geestelike Wese is (Le Roux, 1996:3). In die eerste, tweede en sesde reëls van die omdigting word die belydenis as *articulus fidei* (verwoording van die geloof) oor die Wese van God betroubaar weergegee. Die tweede deel van die artikel verskaf 'n lys van die unieke eienskappe van God. In die laaste reël van die eerste strofe en in die tweede strofe word hierdie eienskappe weergegee deurdat die inhoud van die geloof verder verwoord word (*articulus fidei*).

As melodie is ’n verwerking van “Schönster Herr Jesu” (1842, Selisië) gebruik. Hoewel dit ’n eenvoudige melodie is, is dit kunstig saamgestel uit twee halwe reëls (reël 1 tot 3 en reël 4 tot 6). Reël een begin rustig en beweeg oor net drie note. Reël twee is ’n presiese nabootsing hiervan met verhoogde spanning, omdat dit ’n terts hoër lê. Die spanning styg nog hoër in reël drie waar die klimaks van die melodie bereik word op die hoë noot. Die tweede deel van die melodie (reël 4 tot 6) is ’n geleidelik ontknoping. Dit begin met ’n rustige reël vier wat presies nageboots word in reël vyf, maar dan ’n trap laer. Dit lei tot ’n volkome rus aan die einde van reël ses (vgl. Cillié, 1982:182). Wanneer hierdie musikale spanningslyn van die melodie reël vir reël met die omdigting vergelyk word, blyk dit dat die inhoud van die woorde goed daardeur ondersteun word. Die gevoel wat hierdie melodie wek, is dié van kalmte en rus. Dit pas baie goed by hierdie lied waarin die belyer aanbiddend van verwondering en geloofsvertroue sing.

Hierdie lied kom in die *Liedboek van die Kerk* as Lied 265 voor. Dit is dus deur die betrokke Liedboekkommissie geskik bevind vir gemeentesang.

Dié geloofsversterkende lied kan as geloofsbelydenis en aanvullend tot die geloofsbelydenis in die erediens gesing word. Lied 3 en 4 word op dieselfde melodie gesing en kan opeenvolgend hierna gesing word.

### 5.3 Lied 2: Troos vir lewe en sterwe

**Lied 2 Troos vir lewe en sterwe**

1. Troos my tog, Heer, in lewe en in dood,
want uit myself kom ek nie uit die nood.
My siel en liggaam is u eiendom,
verlos deur Jesus Christus, ek glo Hom.

2. Met bloed so kosbaar het Hy vol betaal
En uit die duiwelsmag my uitgehaal.
So sorg die Heer, Hy weet van elke haar,
in elke krisis weet ek: Hy is daar!

3. In alles is die Here goed vir my!
Dus weet ek seker, deur die Gees gelei:
Wanneer ek sterf dan is ek by die Heer,
hier waar ek leef, hier wil ek Jesus eer.

**Heidelbergse Kategismus Sondag 1**

**Vraag**. Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

**Antwoord**: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so ’n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop sal val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heililge Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillige en bereid om voortaan vir Hom te leef.

In hierdie lied bely die Christen sy enigste troos in lewe en in sterwe. Uit ’n vergelyking van die bronteks en die doelteks blyk dit dat die essensie van die inhoud van die belydenis, soos vervat in die antwoord op die eerste vraag van die Heidelbergse Kategismus, in die lied saamgevat word. Uit die struktuuranalise van Le Roux (1995:1) blyk die volgende vier elemente in dié antwoord van die eerste vraag:

- “Ek behoort aan Jesus Christus en nie aan myself nie”, gevolg deur ’n verklaring van wanneer, hoe en hoekom dit die geval is.
- “Ek word bewaar”, gevolg deur ’n verklaring van hoedanig die gelowige bewaar word.
- “Ek word verseker”, gevolg deur dit waarvan die gelowige verseker word.
- “… en gewillig gemaak”, gevolg deur dit waartoe die gelowige gewillig gemaak word.

Troos vorm ’n kernmotief deur die hele Heidelbergse Kategismus. Die heel eerste vraag van die Kategismus fokus ook op die troos vir ’n gelowige. Dit is daarom gepas dat die eerste woord in die omdigting juis “troos” is. Sodoende word besondere prominensie aan dié motief gegee. Die vraag na hierdie troos geld vir die lewe en die dood (vraag 1). Venter slaag daarin om hierdie vraag in reël een van die omdigting te verwoord.

Die vier elemente in die antwoord op vraag 1, soos hierbo weergegee, word duidelik in die omdigting weegegee. Die feit dat die gelowige aan Jesus Christus behoort met die byvoegings van wanneer, hoe en hoekom, is in strofes 1 en 2 verwoord. Dat die gelowige bewaar word en hoe God dit doen, kom in die derde en vierde reëls van strofe 2 aan die orde. Die versekering deur die Gees en die gewilligheid om vir die Here te lewe word in die derde strofe betrek.

Twee kritiese opmerkings kan egter gemaak word. Die slotwoorde van die eerste strofe “ek glo Hom” dra ’n ander betekenis as “ek glo *in* Hom”, wat klaarblyklik die bedoeling is. Aan die ander kant kan die versekering wat God aan die gelowige gee, tog teweegbring dat die gelowige God glo. In die tweede strofe se eerste reël kom die woorde “vol betaal” voor, waarmee “volledig” bedoel word. Uiteraard is hierdie veranderings gedoen ter wille van die aantal lettergrepe en digterlike ritme.

Die eerste strofe is in die vorm van ’n gebed met smeking om troos, deurdat die Here in die eerste drie reëls in die tweede persoon aangespreek word. Hierdie verlange na troos vorm ’n kernmotief in die Kategismus as geheel. Die smeking vind sy grond in die belydenis wat in die res van die lied volg. Gevolglik verander die gebed (met die aan-

roeping van die Here in die tweede persoon) na 'n belydenis (Here in die derde persoon) waarin die inhoud van die geloof verwoord word.

Die lied is in 'n vorm omgedig wat met vrug gebruik sou kon word as gebed, belydenis en geloofsversterking van 'n gemeente asook 'n getuienis aan buitekerklikes.

Die melodie wat Venter gebruik het, is dié van "Abide with me" (1861, "Eventide" deur William Monk) soos in die *Liedboek van die Kerk*, no. 582. Monk se melodie tref vanweë sy rustigheid, sy vloei en sy klein omvang van slegs ses tone (Cillié, 1982:446). Die oorwegend afwaartse verloop van die melodielyn na die tonika om 'n musikale afronding te bewerk, ondersteun die gevoel van Godsvertroue en troos van die omdigting.

In die erediens kan hierdie lied op verskillende stadiums gebruik word. Dit sou veral geskik wees by eredienste waar die inhoud van die Heidelbergse Kategismus (met name Sondag 1) aan die orde kom, by geloofsbelydenis (elke Sondag of by die openbare geloofsbelydenis van katkisante), as gebed om vertroosting, of as verootmoediging (by die wetsvoorlesing of by die Nagmaal).

## 5.4 Lied 3: Jesus ons Verlosser

**Lied 3 Jesus, ons Verlosser**

1. Jesus, Verlosser,
   Seun van ons Vader,
   U maak van al my sondes vry.
   Ek soek geen ander,
   nooit kry ek beter,
   U het gesterf, o Heer, vir my.
2. Enigste Heiland,
   net U is Redder,
   geen mens kan doen wat U beloof.
   Ek glo U Jesus,
   Saligmaker,
   ek neem U aan met my geloof.

**Heidelbergse Kategismus Sondag 11**

**Vraag 29**: Waarom word die Seun van God Jesus, wat Verlosser beteken, genoem?

**Antwoord**: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos en by niemand anders enige saligheid te soek of te vind is nie.

**Vraag 30**: Glo dié mense wat hulle saligheid en heil by heiliges, by hulleself of iewers ander soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus Christus?

**Antwoord**: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser en Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond Hom roem. Slegs een van twee dinge is immers moontlik: Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, of die wat hierdie Verlosser met ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is.

Uit bogenoemde vergelyking blyk dit dat die lied die kern van die belydenis van Sondag 11 van die Heidelbergse Kategismus betroubaar verwoord. Die eerste strofe verwoord vraag en antwoord 29 en die tweede strofe vraag en antwoord 30.

Vraag 29 vra die vraag waarom die Seun van God, Jesus, die Verlosser genoem word. Uit die ontleding van Le Roux (1995:14) blyk dat daar twee redes is:

- Omdat Jesus ons van al ons sondes verlos; en
- omdat by niemand anders enige saligheid te soek of te vind is nie.

Die inhoud van die vraag asook die tweevoudige antwoord word duidelik in die eerste strofe van die omdigting verwoord. Reëls 1 en 2 verwoord die vraag, reël 3 die eerste rede en reëls 4 tot 6 die tweede rede.

In strofe 2 word die inhoud van vraag 30 met die antwoord daarop geïnkorporeer in die vorm van ’n belydenis. ’n Mens se saligheid en heil kan nie buite Jesus om gesoek word nie. Die omdigting beperk (anders as die Kategismus) plekke waar mense hulle heil soek tot mense (reël 3). Nogtans is die bedoeling van die belydenis duidelik. In die derde reël staan “Ek glo u Jesus …”. Die bedoeling is blykbaar: “Ek glo in u Jesus …”. Hierdie verkorting is klaarblyklik nodig gewees ter wille van die aantal lettergrepe en digterlike ritme.

Dié Sondagsafdeling is berym in die vorm van ’n persoonlike belydenis wat eie is aan die Kategismus. Waar die Kategismus se belydenis Jesus in die derde persoon bely, word in die lied na Jesus in die tweede persoon verwys. Dit verander egter nie die inhoud van die belydenis nie, maar versterk eerder die aard van ’n belydenis. ’n Christen kan in hierdie formaat sy/haar geloof as *homologia* (erkenning en belydenis) teenoor Jesus Christus as enigste Verlosser bely. Die taal is eenvoudig en bring die belydenis as aanbiddingslied tot uiting.

Die melodie wat gebruik word, is dieselfde as dié in Lied 1 (“Schönster Herr Jesu”). Hierdie liedere kan in aansluiting met mekaar die een na die ander gesing word. Die stelselmatige opbou van die melodie tot ’n klimaks in reël 3 (vgl. 5.2 hierbo) stem ooreen met dié van die omdigting. Daarbenewens skep die melodie ’n gevoel van kalmte en rus wat pas by die inhoud van die lied.

Die erkenning aan Christus as enigste Verlosser kan in die liturgie van die erediens gebruik word en is uiteraard gepas by prediking oor Sondag 11, asook in aansluiting by ’n gebed om verlossing of as belydenis van die verlossingswerk van Jesus.

## 6. Beoordeling van die liedere

Kriteria soos dit in punt 4 geformuleer is, dien as riglyn vir hierdie beoordeling van hierdie drie liedere.

- Al drie liedere is regstreeks gebaseer op die dogma soos uitgedruk in die Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis.
- Aangesien die dogmatiese inhoud wat as vertrekpunt geneem word, die Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis is, is die dogmatiese basis suiwer.
- Soos blyk uit die vergelykings tussen die omdigtings en die belydenis-artikels, blyk dit dat die liedere die dogma betroubaar verwoord. Die kernmotiewe van die Belydenisskrifte is telkens in die omdigting weergegee.
- Die liedere is in die vorm van persoonlike belydenisse waardeur die sanger sy / haar geloof kan bely.
- Vanweë die Reformatoriese inhoud van die liedere, kan dit besonder waardevol wees om die gereformeerde dogma die wêreld in te dra.
- Die omdigtings aktualiseer die gereformeerde belydenis vir die konkrete omstandighede van gelowiges.
- Die liedere is op ’n eenvoudige en bevatlike manier verwerk sodat alle lidmate die inhoud kan verstaan en dit ’n appèl op ongelowiges kan maak.

## 7. Slot

Hierdie dogmatiese stof is nog nie in ander liedere van die Gereformeerde Kerke op so ’n wyse verwoord nie en die gebruik hiervan kan verrykend vir die Gereformeerde liedereskat wees. Sodanige liedere “kan ’n sterk middel wees om die Gereformeerde belydenis in die lewens van mense in te dra en deel van hulle bestaan te maak” (Acta GKSA, 2000: 451).

Aangesien die beoordeling van die digterlike kwaliteit van hierdie liedere buite die bestek van hierdie artikel val, sou dit raadsaam wees om hierdie faset van die liedere te laat evalueer deur ’n kundige op die bepaalde terrein.

’n Soortgelyke studie sou ook onderneem kon word om die oorblywende omdigtings van Venter te beoordeel.

## Bibliografie

ACTA GKSA. 1994. Handelinge van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

ACTA GKSA. 2000. Handelinge van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria : V&R Drukkery.

ACTA GKSA. 2003. Handelinge van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Nog ongepubliseerd.

AUGUSTINUS. St. Augustine's Confessions. (Loeb Classical Library.) London : Heinemann. 1912.

AUGUSTINUS. De Musica. (Loeb Classical Library.) London : Heinemann. 1912.

BARKHUIZEN, J.H. 1989. Inleiding: Hymni Christiani. (*In* Barkhuizen, J.H., *red*. Hymni Christiani. *Hervormde Teologiese Studies*, Supplementum 1:1-18.)

BARNARD, A.C. 1983. Die vrye Bybelse lied naas die Psalms. (*In* Du Toit, H., *red*. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse kerklied. Pretoria : NG Kerk-boekhandel. p. 20-41.)

BAUMSTARK, A. 1958. Comparative liturgy. London : Mowbray.

BINGLE, J.P. 2000. Die verhouding tussen openbaring, dogmavorming en dogma-uiting in die liturgiese lied. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.M.-verhandeling.)

CILLIÉ, G.C. 1982. Waar kom ons Afrikaanse gesange vandaan? Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers.

DE KLERK, B.J. & SMIT, E.J. 2002. *Pneuma* en *nous* in die gereformeerde kerklied. Perspektiewe uit 1 Korintiërs 14:15 en die tradisie, toegespits op die musiek en poësie van die kerklied. *In die Skriflig,* 36(1):105-136.

FLOOR, L. & VILJOEN, F.P. 2002. Die Christus-himne in Filippense: soteriologies of eties? *In die Skriflig*, 36(1):91-104.

FRANK, N.M. 1963. Masterpieces of Christian literature in summary form. London/ New York : Harper & Row.

HASPER, H. 1955. Calvijns beginsel voor den zang in den eredienst, 1. 's-Gravenhage : Martinus Nijhoff.

HASPER, H. 1976. Calvijns beginsel voor den zang in den eredienst, 2. 's-Gravenhage : Nijhoff.

KOOPMANS, J. 1940. De Nederlandse Geloofsbelijdenis. Amsterdam : Uitgeversmaatschappij Holland.

KRUGER, D. 2002. Die funksionaliteit van die laat twintigste-eeuse kerklied. *In die Skriflig*, 36(1):19-44.

LE ROUX, J. 1995. Die Heidelbergse Kategismus of onderwysing in die Christelike leer. 'n Maklik-verstaan grafiese uiteensetting. Hatfield : Printburo.

LE ROUX, J. 1996. Ons glo … Bybelstudie aan die hand van temas uit die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hatfield : Printburo.

LIEDBOEK. 2001. Liedboek van die kerk. Wellington : NG Kerk-Uitgewers.

ROUTLEY, E. 1950. The church and music. An enquiry into the history, the nature and the scope of Christian judgement of music. London : Duckworth.

SCHULZE, L.F. 1978. Geloof deur die eeue. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

STANDER, H.F. 1989. Ignatius. (*In* Barkhuizen, J.H., *red*. Hymni Christiani. *Hervormde Teologiese Studies*, Supplementum 1:98-106.)

STAUFFER, E. 1948. Die Theologie des Neuen Testaments. Guttersloh : Bertelsman.

STRUNK, O. 1950. Source readings in music history. From Classical antiquity through the Romantic era. New York : Norton.

STRYDOM, W.M.L. 1994. Sing nuwe sange, nuutgebore. Liturgie en lied. Bloemfontein : Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

STRYDOM. W.M.L. 1997 Liturgiese sang op die kruispad tussen tradisie en vernuwing. *Acta Theologica,* 17(2):143-156.

VAN ANDEL, C.P. 1968. Tussen de regels. De samehang van kerkgeschiedenis en kerklied. s'-Gravenhage : Boekencentrum N.V.

VAN VEEN, H. 1984. Een nieuw gezang heffen wij aan! Kerkzang en kerklied bij Martin Luther. (*In* Arntzen, M.J. *e.a*. Bezield verband. Kampen : Van den Berg. p. 231-260.)

VENTER, A.G.S. 2001. Omdigtings van A.G.S. (Schutte) Venter: Omdigtings van die Belydenisskrifte en een Skrifberyming. Februarie tot Mei 2000. Randburg : Gereformeerde Kerk Randburg-Oos.

VILJOEN, F.P. 1990. Die betekenis van *psalmois, humnois* en *odais pneumatikais* in Kolossense 3:16 en Efesiërs 5:18. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

VILJOEN, F.P. 2001. Song and music in the Pauline epistles. Paul's utilisation of Jewish, Roman and Greek musical traditions to encourage the early Christian communities to praise God. *In die Skriflig*, 35(3):423-442.

VILJOEN, F.P. 2002(a). Die strategiese funksie van die Christus-himne in Kolossense 1:13-20. *In die Skriflig*, 36(1):67-90.

VILJOEN, F.P. 2002(b). Die betekenis en funksie van die himnes in Openbaring 12-22. *Verbum et Ecclesia*, 23(2):558-574.

WINDELL, J.H. 1989. Die Lampe-himne. (*In* Barkhuizen, J.H., *red*. Hymni Christiani. *Hervormde Teologiese Studies*, Supplementum 1:107-111.)

**Kernbegrippe:**

dogmatiese liedere: Heidelbergse Kategismus; Nederlandse Geloofsbelydenis
lied en belydenis/credo
omdigtings van A.G.S. Venter

**Key concepts:**

dogmatic hymns: Heidelberg Cathegism; Belgic Confession
hymns and confession/credo
versifications by A.G.S. Venter